

Jy, nóg mooier!

Angela de Gouveia se vreugde was groot toe sy hoor sy is die wenner van 'n mooimaak sessie deur Wendy Hind, senior voorkomskonsultant by Chata Romano, en haar bekwame span.



VOOR


So het die mooimaakspan Angela se voorkoms verander:

HARE: Angela het 'n ovaalvormige gesig waarby feitlik enige haarstyl pas: lank, kort, krullerig of reguit. Sy wou 'n modieuse styl hê wat maklik stileer, daarom het ons die moderne, oneffe voorkoms gekies wat by haar borrelende

persoonlikheid en jeugdigheid pas. Die asimmetriese kuif komplimenter die vorm van haar gesig en die dieprooi basis van haar hare met helderrooi strepies laat haar veltoon lewendiger vertoon.

GRIMERING: 'n Mat onderlaag is as ligte basis gekies. Omdat Angela klein ooglede het, is 'n roomkleurige aksentkleur oor die hele ooglid aangewend. Haar wangbene is met glanspoeier beklemtoon om haar oë groter te laat vertoon. Goue oogskadu is bo die vou van haar oog gebruik, gevolg deur 'n sjokoladebruin oogskadu en grys poeier-oogskadu om die oë vorm en definisie te gee. As afronding is haar oë omlyn met 'n metaalkleurige poeier-oogskadu. Glanspoeier is aan haar wangbene aangewend en pienk blosser op die appels van haar wange. Angela se voller lippe is omlyn en ingekleur met 'n dowwe pienk lipstiffie en kleurlose lipglans.

KLERE: Angela se modieuse nuwe haarstyl en gesonde sonbruin velkleur het die basis gevorm van ons keuse van 'n goudkleurige gebreide top. Sy het 'n mooi neklyn en enige halslyn sal haar vleï. Ons het ook Angela se besige leefstyl in ag geneem. Daarom het ons besluit op 'n pragtige praktiese top wat sy onder 'n deftige snyerspakkie werk toe kan dra, of by 'n gemaklike denim vir 'n aandjie uit.



Die mooimaak sessie is gedoen deur Wendy Hind, senior konsultant by Chata Romano,
☎ 082 560 8699 of wendy.hind@gmail.com

Vir meer inligting kontak

CHATA ROMANO

e-pos info@chataromano.com

webwerf www.chataromano.com